

ONGEOUDITEERDE TUSSENTYDSE RESULTATE

vir die ses maande geëindig 31 Desember 2009

HOOFTREKKE

- 21,7%-stygting in verwaterde VPA
- 49,5%-stygting in verwaterde WVPA

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN OMTVATTENDE INKOMSTE

	Ongeouditeer Ses maande geëindig 31 Des 2009	Ongeouditeer Ses maande geëindig 31 Des 2008	Geouditeer Jaar geëindig 30 Jun 2009
Inkomste	682 684	-	519 867
Bedryfskoste	(602 835)	(1 377)	(454 688)
Bedryfswins	79 849	(1 377)	65 179
Ander inkomste	185	-	8 325
Netto beleggingsinkomste	1 277	6 759	8 097
Aandeel van assosiate se wins	4 906	3 390	9 151
Wins voor depresiasië en waardedalinge	86 217	8 772	90 752
Depresiasië	(26 052)	-	(16 265)
Amortisasië en waardedaling van ontasbare bates	(31 539)	-	(7 963)
Wins voor belasting	28 626	8 772	66 524
Inkomstebelastingkoste	(13 100)	-	(13 607)
Wins uit voortgesette bedrywighede	15 526	8 772	52 917
Wins/(verlies) uit beëindigde bedrywighede	1 653	-	(2 379)
Wins vir die tydperk	17 179	8 772	50 538
Toeskryfbaar aan:			
Ekwiteitshouers van die Maatskappy	19 187	8 772	34 701
Minderheidsbelang	(2 008)	-	15 837
	17 179	8 772	50 538

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE

	Ongeouditeer 31 Des 2009	Ongeouditeer 31 Des 2008	Geouditeer 30 Jun 2009
BATES			
Nie-bedryfsbates	1 014 449	209 745	1 000 008
Eiendom, masjinerie en toerusting	135 391	-	110 639
Ontasbare bates	590 673	-	600 151
Ongentoeerde belegging	280	280	280
Belegging in assosiate	131 091	109 465	127 435
Belegging in voorkeuraandeel	100 000	100 000	100 000
Uitgesteldebetalingsbates	57 014	-	61 503
Bedryfsbates	235 012	18 643	228 411
Handels- en ander ontvangbare rekening	139 793	7 673	156 215
Ontvangbare rekening vanaf assosiate en gesamentlike onderneming	-	-	6 642
Kontant en kontantekwivalente	95 219	10 970	65 554
Nie-bedryfsbates gehou vir verkoop	-	-	515 288
Totale bates	1 249 462	228 388	1 743 707
EKWITEIT EN LASTE			
Kapitaal en reserwes	674 309	221 119	653 960
Uitgereikte kapitaal	385 698	196 720	382 528
Voorwaardelike aandele uitgereik te word	188 540	-	188 540
Aandeelgebaseerde betalingsreserwe	624	-	624
Uitkeerbare reserwes	69 516	24 399	50 329
	644 378	221 119	622 021
Minderheidsbelange	29 931	-	31 939
Nie-bedryfslaste	350 898	-	349 128
Uitgesteldebetalingslaste	53 389	-	66 532
Lenings	194 590	-	183 523
Voorsienings	56 059	-	55 875
Na-aftrede mediese verpligtinge	4 518	-	3 930
Oploping vir reguitlynhanteling van bruikhuur	42 342	-	39 268
Bedryfslaste	224 255	7 269	318 195
Lenings	1 592	-	11 176
Voorsienings	17 864	-	71 784
Handels- en ander betaalbare rekening	112 928	1 020	102 385
Bankoortrekking	5 282	5 821	53 661
Ontvanger van Inkomste	18 177	428	15 037
Werknemervoordeelvoorsienings	68 412	-	64 152
Nie-bedryfslaste gehou vir verkoop	-	-	422 424
Totale ekwiteit en laste	1 249 462	228 388	1 743 707

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE STAAT VAN VERANDERING IN EKWITEIT

	Ongeouditeer Ses maande geëindig 31 Des 2009	Ongeouditeer Ses maande geëindig 31 Des 2008	Geouditeer Jaar geëindig 30 Jun 2009
Saldo aan begin van die tydperk	653 960	212 347	212 348
Aandelekapitaaluitgifte	3 170	-	185 808
Voorwaardelike aandele uitgereik te word	-	-	188 540
Verkryging van filiaal	-	-	17 953
Dividende betaal	-	-	(1 851)
Herwaardasie van aandeelgebaseerde betaling - ekwiteitsvereffen	-	-	624
Winst toeskryfbaar aan ekwiteitsaandeelhouders van die Maatskappy	19 187	8 772	34 701
Verliese/(winste) toeskryfbaar aan minderhede	(2 008)	-	15 837
Saldo aan einde van tydperk	674 309	221 119	653 960

VERKORTE GEKONSOLIDEERDE KONTANTVLOEISTAAAT

	Ongeouditeer Ses maande geëindig 31 Des 2009	Ongeouditeer Ses maande geëindig 31 Des 2008	Geouditeer Jaar geëindig 30 Jun 2009
Netto kontant gegenereer/(aangewend) in bedryfsaktiwiteite	77 008	(5 541)	47 222
Netto kontantvloeï/(uitvloeï) uit beleggingsaktiwiteite	(447)	5 382	(165 667)
Netto kontantvloeï uit finansieringsaktiwiteite	1 483	-	179 225
Netto kontantvloeï uit voortgesette bedrywighede	78 044	(159)	60 780
Netto kontantvloeï uit eindigende bedrywighede	-	-	-
Netto toename in kontant en kontantekwivalente	78 044	(159)	70 731
Kontant en kontantekwivalente aan begin van tydperk	11 893	5 308	5 308
Kontant en kontantekwivalente aan einde van tydperk	89 937	5 149	76 039
Soos volg gerekonsilieer:			
Kontant en kontantekwivalente voorhande	95 219	10 970	65 554
Bankoortrekking	(5 282)	(5 821)	(53 661)
Bates gehou vir verkoop	-	-	64 146
	89 937	5 149	76 039

VERDIENSTE TOESKRYFBAAR AAN EKWITEITSHOUERS

	Ongeouditeer Ses maande geëindig 31 Des 2009	Ongeouditeer Ses maande geëindig 31 Des 2008	Geouditeer Jaar geëindig 30 Jun 2009	%-verbetering vanaf vorige tussentydse tydperk
Getal uitgereikte gewone aandele	259 659 874	143 954 741	257 999 496	
Getal uitgereikte voorkeuraandeel	16 638 000	16 638 000	16 638 000	
Geweegde gemiddelde getal gewone aandele	258 829 685	143 954 741	182 627 122	
Geweegde gemiddelde getal gewone aandele en potensiële gewone aandele	304 505 512	169 358 519	214 855 438	
Basiese verdienste	19 187	8 772	34 701	
Aangepas met				
- Wins/(Verlies) uit beëindigde bedrywighede	(1 653)	-	(1 600)	
- Waardedaling van klansiewaarde	6 052	-	287	
- Verlies met verkoop van eiendom, masjinerie en toerusting	-	-	154	
Wesensverdiens	23 586	8 772	33 542	
Verdiens per aandeel (sent)				
Toeskryfbaar aan gewone aandele (sent)	7,41	6,09	19,00	21,7
Verwaterde verdiens per aandeel (sent)	6,30	5,18	16,15	21,7
Wesensverdiens per aandeel (sent)	9,11	6,09	18,37	49,5
Toeskryfbaar aan gewone aandele (sent)	9,11	6,09	18,37	49,5
Verwaterde wesensverdiens per aandeel (sent)	7,75	5,18	15,61	49,5

INLEIDING

Die Direksie bied met genoeë die Maatskappy se tussentydse resultate vir die sesmaandetydperk geëindig 31 Desember 2009 aan.

Ondanks die algemeen bedrukte stand van wêrelddekonomieë en sakevertroue in Suid-Afrika het ons beleggingsportefeulje se prestasie die Maatskappy nietemin in staat gestel om stygings in wesensverdiens per aandeel en verwaterde wesensverdiens per aandeel van bykans 50% te rapporteer ten spyte van die aansienlike toename in die getal uitgereikte aandele wat in hierdie berekenings gebruik is.

Die direksie het 'n omsigtige benadering tot verdere korporatiewe aksie gedurende die tydperk gevolg en het eerder leiding en steun aan besture van die ondernemings in die bestaande beleggingsportefeulje verleen.

Hoewel die Maatskappy se beleggings in ander ekonomiese toestande beslis baie beter sou presteer, word die oorkoepelende resultate hoogs bevredigend geag.

REKENINGKUNDIGE BELEID EN OPSTELLINGSGRONDSLAG

Die verkorte gekonsolideerde finansiële state vir die ses maande geëindig 31 Desember 2009 is in ooreenstemming met Internasionale Finansiële Rapporteringstandaarde ("IFRS"), Internasionale Rekeningkundige Standaard 34, die Noteringsvereistes van JSE Beperk, en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet, 61 van 1973, soos gewysig, opgestel. Die verkorte gekonsolideerde tussentydse finansiële state word op die historiesekostegrondslag opgestel en die rekeningkundige beleid stem ooreen met dié wat vir die jaar geëindig 30 Junie 2009 ooreenkomstig IFRS aangeneem en toegepas is.

AARD VAN BESIGHEID

AfroCentric is 'n gediversifiseerde beleggingsbeheermaatskappy in swart besit en sy vernaamstebeleggingsis in die gesondheidsorgadministrasie-, elektronika-enkommunikasiebedryf. AfroCentric hetook 'n verhoudingssooreenkoms met Rio Tinto Plc vir mineraleprospekteer- en -eksplorasiëprojekte en het meer onlangs 'n verspreidingssooreenkoms met Hanwha Corporation, een van die grootste nywerheids-konglomerate in Suid-Korea, gesluit. Die Maatskappy se filiaal, Lethimvula Investments Limited ("LIL"), besit 100% van die aandele in Medscheme Holdings (Pty) Limited, 'n multimedieseskema-administrateur. Medscheme is die grootste medieseskema-administrateur in swart besit in Suid-Afrika en dek ongeveer 2 miljoen lewens in die mark vir privaatgesondheidsorg-administrasie.

BEDRYFSOORSIG

AfroCentric se belegging in die genoteerde Jasco Electronics Holdings Limited ("Jasco") het verdienste en beleggingsinkomste vir die ses maande geëindig 31 Desember 2009 van R8,2 miljoen (2008: R9,6 miljoen) behaal.

Jasco se verskillende sake-eenhede is erg aangetas deur die ekonomiese afswaai, maar daar heers 'n mate van optimisme vir die bedryfssektor oor die algemeen en die Maatskappy in die besonder wat die toekoms betref. Jasco se resultate is op 4 Februarie 2010 op SENS bekend gemaak en meer inligting oor Jasco se verdienste, bedrywighede en vooruitsigte is onder die JSE-kode: JSC op SENS beskikbaar. Die verlaging van rentekoerse in die vergelykbare tydperke verklaar ook die laer netto beleggingsinkomste.

LIL se bedryfswinste het R81 miljoen gedurende die tydperk onder oorsig bedra (2008: nie 'n filiaal van die Maatskappy nie), wat marginaal beter as bedryfswinsverwagtinge is en oënskynlik ooreenstem met die teikenwinstwaarborgdrempels waarvolgens die koopprys van LIL-aandele ten slotte bepaal sal word.

Die verkoop van Medscheme Life aan Old Mutual is gedurende Julie 2009 deur die Raad op Finansiële Dienste goedgekeur en die besture van Medscheme en Old Mutual is aktief besig om die wese en eienskappe van hulle samewerkingbemarkingsverhouding te finaliseer.

AfroCentric se eksplorasië- en prospekteerverhouding met Rio Tinto Plc ingevolge die Ooreenkoms vir Wedersydse Strategiese Samewerking duur voort.

FINANSIËLE RESULTATE

Vir die sesmaandetydperk geëindig 31 Desember 2009 het verdienste per aandeel (VPA) met 21,7% tot 7,41 sent (2008: 6,09 sent) toegeneem en verwaterde VPA het met 21,7% tot 6,30 sent (2008: 5,18 sent) toegeneem. Wesensverdiens per aandeel (WVPA) het met 49,5% tot 9,11 sent (2008: 6,09 sent) toegeneem en verwaterde WVPA het met 49,5% tot 7,75 sent (2008: 5,18 sent) toegeneem.

VOORUITSIGTE

Die Beleggingskomitee van die Direksie sal die beginsels van die bestaande beleggingsbeleid ten opsigte van alle nuwe proposisies handhaaf en sal voortgaan om besture in elke geval van advies en leiding te voorsien. Sedert 31 Desember 2009 was 'n paar bemoedigende tekens van herstel in marktoestande in Suid-Afrika waarneembaar en niteenstaande die uitdagings wat die land aan talle fronte onder die oë sien, dui enkele tekens daarop dat die verskillende sake-eenhede in die beleggingsportefeulje positief waarde uit enige verbeterde omstandighede sal trek.

GEBEURTENISSE VOOR EN NA DIE TYDPERKEINDE

Een van die belangriker gebeurtenisse is dat die Raad op Mediese Skemas met 'n ondersoek na, onder andere, bestuursbreuke deur die Hoofbeampte van die Bonitas Mediese Skema begin het. Die Hoofbeampte het sedertdien uit dié amp bedank. Hierdie ondersoek berus op bewerings dat Medscheme moontlik nie ferm genoeg met betrekking tot sodanige breuke opgetree het nie. In 'n verduideliking by sy verslag het Deloitte egter herbevestig dat Medscheme te alle tye sy pligte ooreenkomstig sy mandaat nagekom het.

Gegewe die voorgaande is dit relevant om op te let dat Medscheme vir die tweede agtereenvolgende jaar die hoogste algehele tellings in al drie van PMR.africa se medieseskemaverwante opnames behaal het. Daarbenewens het die Bonitas-eenheid in Medscheme die ISO 9000-sertifisering vir kwaliteit-administrasieprosessering behaal.

DIREKTEURE

Daar was geen veranderinge in die samestelling van die Direksie gedurende die tydperk onder oorsig nie.

DIVIDENDE

Geen dividende is gedurende die sesmaandetydperk onder oorsig verklaar of betaal nie.

Op las van die Direksie

Motty Sacks GR(SA) AICPA(ISR)

Maatskappysekreteraris

Johannesburg
26 Maart 2010

Direkteure

NB Bam* (Voorsitter), NMJ Canca*, MSV Gantsho*

JM Kahn**, MI Sacks***, Prof. DI Swartz*, B Joffe**

*onafhanklik nie-uitvoerend **nie-uitvoerend # maatskappysekreteraris

Geregistreeerde kantoor

Wierdaweg-Wes 42
Sandton
2196

Borg

Sasfin Capital
('n Afdeling van Sasfin Bank Beperk)